

# Op die Kerkwerf

Gemeentebld van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom

Jaargang 35, nr 2 Sondag 20 Januarie 2019

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402

[rudynell@telkomsa.net](mailto:rudynell@telkomsa.net)

**Eredienste:** 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain 082 339 0933  
**Kantoor** 018 294 4600 **Faks:** 086 610 9283 **Pastorie:** 018 293 2116 **Karin Bain** 082 532 1620  
**Hulprediker:** Prof Callie Coetzee 082 337 7951  
**Koster Pieter Bouwsema** 082 923 1384 **Orrelis:** Magda Pelsers-van der Merwe 079 872 2516  
**E-posadres:** [kantoor@gkpotchefstroom.co.za](mailto:kantoor@gkpotchefstroom.co.za) **Web:** [www.gkpotchefstroom.co.za](http://www.gkpotchefstroom.co.za)

**Diensbeurte Ouderlinge:** Wynand Putter C2 Gerrit Badenhorst C3, diakens wyke C2 Reinhardt Boersema en C3 Klaas Wyma.  
**Teeskink na die erediens:** Susters van wyke A7, C en D.  
**Bussiediens:** Vandag ry Gert Kruger 072 314 5534  
Sondag 27 Januarie 2019 ry Terrence Kent 072 617 7553

*Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers*

**EREDIENSTE** Oggend Prof Callie Coetzee, aanddiens Ds Ronald Bain

**OGGEND: Skrifgedeelte:** Efesiërs 1; 1 Kor 12:12-27

**Fokusgedeelte:** Efesiërs 1:22,23,

**Tema: DIE WONDER VAN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS**

**SING:** Sb 24:1,2,3 (Tema 1/1); Ps 130:1,2; Ps 8:3,4,5; Sb 38:1,3 (Tema 15/2)

**AAND:**

**Skrifgedeelte:** Romeine 11:11-12:2

**Fokusgedeelte:** Romeine 11:35, Dordtse Leerreëls 3&4:15

**Tema: : Die belydenis van God se genade bepaal sy kinders se lewe van dankbaarheid**

**SING:** Ps. 149:1-4, Ps. 50:1,7,11, Ps. 116:1,5,7,10

## **Dagboek**

23 Jan: **Finansiële-kommissie 18h00 Begroting.**

24 Jan: **Bybelstudies begin**

25 Jan: **Gemeente-aand en hamburgerbraai**

## LIEF EN LEED

**Annie Coetzee** het 'n breinskandering ondergaan en sy is gediagnoseer met 'n vergroeiing op die brein. Sy wag vir bloeduitslae om te bepaal of dit kwaadaardig is. Sy moet boonop ook 'n knieervangingsoperasie ondergaan vroeg in Februarie. Mag die Here haar vashou in sy eindelose genade en haar deur hierdie groot beproewing dra.

**Susan Nortje** is Maandag opgeneem in Mediclinic vir ondersoeke en behandeling nadat sy gediagnoseer is met bloedarmoede. Sy is Woensdag ontslaan en wag nog op finale uitslae. Ons bid haar sterkte toe.

**Tannie Elsie en oom Peet Buys** in Wyk B2 is die 25ste Januarie 60 jaar getroud.

## VERJAARDAE GEDURENDE DIÉ WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende dié week verjaar baie geluk met hul verjaardag:




- 20 Jan **Mart Kruger**, Huis Eikelaan Suidblok 15, ☎ 079 775 6685  
22 Jan **Frans du Toit**, Malvastraat 119, ☎ 072 755 7574  
**Botha du Toit**, Silwerstraat 53, ☎ 079 781 7562  
24 Jan **Netta Schutte**, Ockerselaan 9, ☎ 083 797 3267  
26 Jan **Fanie Kruger**, Berts Bricksweg 55, ☎ 083 493 5876  
**Johan Kruger**, Rivierstraat 127, ☎ 064 684 4606

## VAN ALLES EN NOG WAT

**KOLLEKTES: Vandag:** Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By deure vanoggend vir **GKSA Sustentasiefonds**.

### KATEGESE

**Maandag** lees *Laat my lammers wei*. Hoofstuk 67  
Woensdag se katkisasie Graad 8 – 11 om 14:15. Volgende  
Sondag moet julle **Les 2** en **Psalm 73: 1** leer.



### TOETS JOU INSIG

Hoërskoolkinders doen *Laat My Lammers Wei* as uitbreiding van hulle Bybelgeskiedenis. Hierdie boek kan met vrug gebruik word tydens Huisgodsdienste.

Toets saam met die kinders jôu insig:

1. Waarom sê die Here dat 'n mens soos 'n kindjies moet word om die koninkryk van die hemele te beërwe? (Mat. 18:3,4)
2. Hoe dikwels moet 'n mens jou naaste vergewe? (Mat 18:21,22)
3. Waarvoor het Jesus na die aarde gekom? (Luk 9:55,56)
4. Waarom het die Here die stede van Galilea vervloek? (Mat. 11:20-24)
5. Gee die Here altyd aan ons rus van aardse stryd en lyding? (Mat 11:25-30)
6. Waarom het Pilatus die bloed van die Galileërs met hulle offers gemeng? (Luk. 13:1-5)
7. Wie is die bron van die lewende water? (Joh. 7:37-38)
8. Wat is die kenmerk van 'n skaap van die goeie herder? (Joh. 10:11)
9. Waarom moet die Here ons leer om te bid? (Luk. 11:1-13)
10. Wat is die nou poort waardeur ons ingaan in die koninkryk van die hemele? (Luk. 11:24, Mat 16:24 en Joh. 3:5)
11. Watter drie gelykenisse handel oor die verlore sondaars? (Luk. 15)
12. Waarom het die Joodse Raad na die opwekking van Lasarus besluit om Jesus dood te maak? (Joh. 11:48,49)
13. Waaraan weet die mense dat ons dissipels van Jesus is? (Luk. 16:27-31) (Laat My Lammers Wei. Ds. MJ Booyens. Hfst 65)

### BYBELSTUDIES

Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:  
Ons Bybelstudies hervat weer vanaf 22 Januarie 2019 vir die komende jaar.

Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae  
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.  
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.

### GEMEENTEKAMP

Die kamp komitee vergader op 25 Februarie 6 uur by die kerk om beplanning te doen vir die gemeente kamp wat op die 11de en die 12de Oktober 2019 plaasvind. Alle navrae kan gestuur word na Loffie Eloff 0827985635.

### Webblad: [gkpotchefstroom.co.za](http://gkpotchefstroom.co.za)

Baie dankie aan Melissa Kent wat ons webblad versorg en op datum hou. Sy het 'n belangrike verandering aangebring. Die preke se tema en teksverse gaan van nou af op die web verskyn sodat dit makliker vir besoekers sal wees.

## TV-REEKS OOR KULTES EN KULTARIESE GROEPE WERKSAAM IN SUID-AFRIKA

Die TV-reeks Openbarings, wat handel oor kultes en kultariese groepe werksaam in Suid-Afrika, vind plaas op Maandae en Sondag op VIA (DSTV kanaal 147) – 13 – een uur lange episodes.

Prof Henk Stoker, van die Teologiese Skool, was een van die adviseurs vir die program en van die GKSA se predikante en 'n teologiese student tree ook op in van die programme.

Datum	Tyd	Herhaling	Tyd	Onderwerp
Maandag 14-01-2019	20:30	Sondag 20-01-2019	21:00	Christ Gospel Church
Maandag 21-01-2019	20:30	Sondag 27-01-2019	21:00	Providence & Shincheonji
Maandag 28-01-2019	20:30	Sondag 03-02-2019	21:00	Jehovah-getuies
Maandag 04-02-2019	20:30	Sondag 10-02-2019	21:00	Grace Gospel Church & Church Team Ministries International
Maandag 11-02-2019	20:30	Sondag 17-02-2019	21:00	Spade Reënsending (Blou Rokke)
Maandag 18-02-2019	20:30	Sondag 24-02-2019	21:00	Universal Church of the Kingdom of God
Maandag 25-02-2019	20:30	Sondag 03-03-2019	21:00	Israelvisie, Dogter van Sion

## Bybelplasingstoer na Malawi in Junie

Die Jeugdeputate nooi alle hoërskoolleerders en studente van regoor die land uit om saam Malawi toe te gaan. Ons gaan Bybels uitdeel, oor dissipelskap saampraat en groot pret hê!

Ons vertrek 23 Junie vanaf GK Pretoria-Alkantrant en sal die 4de Julie terugkeer. Verblyf is in tente by Monkey Bay in Malawi. Die koste is R4000 per persoon. 'n R2000-deposito in Februarie sal jou plek verseker! Moenie hierdie opwindende geleentheid misloop nie!

Besoek [www.gkjeug.co.za](http://www.gkjeug.co.za) vir meer inligting, of skakel Reynold Fourie (0847076276) of Zak Scholtz (0798854206).

## Bybellandtoer Mei 2019! Griekeland en Griekse eilande!

Kom toer saam met my en loop op Paulus se voetspore in Griekeland! Ons vertrek DV op 4 Mei 2019 en keer weer terug op 15 Mei. Griekeland is 'n baie belangrike Bybelland – die heel eerste Europese land waar 'n Christelike kerk gestig is. Die Tessalonisense, Filippense en Korintiërs het almal in Griekeland gewoon en Paulus se reise in Griekeland word ook in die boek Handeling beskryf.

Ons besoek onder andere Tessalonika, Filippi, Berea, Meteora, Athene en Korinte waar die Bybelgeskiedenis vir ons baie werklik word! Die toer sluit ook 'n luukse bootrit van 3 dae in en ons besoek onder andere die eilande Patmos (waar Johannes die Openbaringboek geskryf het), Kreta (waar Titus die dominee was) en die beroemde Santorini.

Die toer is propvol Bybelse geskiedenis, kulturele ervarings en asemrowende natuurtonele.

Die koste beloop ongeveer R 48 000 per persoon wat deel (@ R 16 per Euro). Kontak my by [mvanrhyn@telkomsa.net](mailto:mvanrhyn@telkomsa.net) of 082 858 0538 vir 'n volledige toerprogram en kosteberaming.

## VAN ONS DIAKONIE

### DIAKONIE SE KOSKAS

Baie dankie aan elkeen wat so getrou bydra. Kom ons dink hierdie maand aan alles wat wit is, bv. Langlewe melk, sout, suiker, meel, handy andy, toiletpapier, seepoeier vir wasgoed.



**FOTOBORD** Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. **Melissa Kent** sal die foto's neem.



### GEHOORSTUKKE VIR GEBRUIK IN DIE EREDIENS

Gehoorstukke wat 'n mens soos oorfone op jou ore plaas is beskikbaar by ons koster Pieter Bouwsema. Hierdie appaarte is van besondere hoë kwaliteit en help dat 'n mens alles tydens die erediens helder kan hoor.



**Tafels is gedek en daar is koffie en tee in die saal.**

**Dit is 'n wonderlike geleentheid om gesellig te verkeer.**

*Ons vra dat nuwe lidmate ook kom om kennis te maak.*

## VAN ONS SUSTERS

### **DIE UITNODIGING IS HIER!**

Gk Wolmaranstad het ons uitgenooi na die saamtrek op Saterdag 2 Maart. Die koste beloop R120 pp en die spreker gaan prof. Chris van der Walt van die Teologiese Skool wees.

### **VROEG AAN DIE WERK**

Ons susters het al vroeg in die jaar begin met kosmaak. Ons het worsbroodjies gegee vir die Eerstejaars en Seniors wat na die Eerstejaarskamp vertrek het vanaf kerkgebou. Ons het ook die ete gegee vir hulle kampdinee wat die Donderdagaand tydens die kamp gehou is. Die student het dit regtig baie waardeer en 'n hele paar keer almal bedank. Ek en Ronald wil graag die bedanking aan julle oordra. Dit het so gewerk, toe ek die middag met die kos by die kamp arriveer was die krag die hele middag af. Daar het hulle kookkos klaar gebak gekry. Dit het hulle waardering net nog meer gemaak.

### **SUSTERSVERGADERING**

Die goeie ou dae. Ons vergader in die Ou Kerkie op 5 Februarie om 18:30. Ons gaan gesels oor ons Erfenis – my erfenis is vir my mooi. Ons gemeente is hierdie jaar 160 jaar oud.

### **WYKSUSTERS**

Ons benodig weer 2 wyksusters. Indien u bereid is om te help, kontak asseblief vir Karin Bain voor die Sustersvergadering.

### **Wat sê jou lewensuitkyk van jou bekommernis?**

Deur Ds. Coen Vrey

*Matteus 6:19-21* “Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie. Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.”

*Matteus 6:24* “Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie.”

Wanneer Jesus oor skatte bymekaarmaak praat en oor 'n mens se uitkyk op die lewe, stel Hy die twee alternatiewe teenoor mekaar. As jy skatte bymekaar wil maak, moet jy weet watter een van die twee duursamer is – aardse skatte of hemelse skatte? As jy doel en rigting in jou lewe wil hê, moet jy dat jou uitkyk op die lewe jou lewenshouding beïnvloed – gaan jou oog goed of sleg wees? Die belangrikste deel van dié gedeelte is wat Jesus

in vers 24 sê: Niemand kan twee here dien nie. Wie gaan jy as God eer en dien?

### **Wat is die implikasie van jou keuse?**

*Matteus 6:31-33* “Julle moet julle dus nie bekommer en vra: ‘Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?’ nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.”

As jy onder leiding van die Heilige Gees Jesus volg en die lewende God dien en nie die hartelose mammon nie, sal jou gesindheid en lewenswandel dit ook wys. Die dissipel van Jesus is nie meer angstig of bekommerd oor wat hy sal eet, drink en aantrek nie. Sy gedagtes en al sy energie vestig hy op die lewende God, want Hy is sy Vader en Hy is die almagtige en ewige Koning. Die gelowige laat nie toe dat die sorg van die lewe sy lewe oorneem nie. Hy bestee die eerste en beste van alles wat hy het aan God en wat vir God belangrik is.

### **Waarna streef jy?**

Wanneer Jesus sê dat 'n mens eers die koninkryk van God moet soek en jou vir sy wil beywer, gaan Hy van die standpunt uit dat alle mense 'n ambisie het. Waarna streef ons in hierdie lewe? Wat neem ons tyd, gedagtes en energie in beslag? Is dit 'n ywer om ons eie wêreldse sekuriteit te verseker of beywer ons ons vir die koninkryk en geregtigheid van God? Om dit vir ons eenvoudig te maak stel Jesus weer net twee sake teenoor mekaar. Daar is inderwaarheid net twee soorte ambisies:

- 'n valse of wêreldse ambisie – die mens se eie materiële sekuriteit
- die ware of Christelike ambisie – God se regering en sy geregtigheid

### **Moenie jou oor lewensorge bekommer nie**

In hierdie gedeelte sê Jesus ons moet ons nie kwel oor wat ons gaan eet of drink of wat ons gaan aantrek nie. Jesus sê nie hier dat kos en klere onbenullig is nie. Inteendeel, ons bely dat Jesus Christus vir ons siel én liggaam aan die kruis gesterf het. Daarom behoort die gelowige met liggaam en siel aan Jesus Christus ons Verlosser. Jesus sê ook nie ons moet ons glad nie kwel oor kos en klere nie. Hy beklemtoon dat ons nie behep daarvoor moet wees nie. Wanneer 'n mens behep is oor iets, is dit al waaraan jy dink en waaroor jy praat. En heelyd bekommer jy jou of jy genoeg gaan hê. Kommer oor lewensorge is op sy beste onproduktief. Dit bring niks voort nie behalwe maagsere en meer kommer. Kommer oor lewensorge is onnodig, want jou Vader in die hemel weet klaar wat jy nodig het. Jy as mens is nie net 'n liggaam wat gevoed, verkwik en beskerm moet word nie. Vir die volgelinge van Jesus is dit onvanpas om behep te wees met kos, drank en klere.

## Waarom is 'n wêreldse ambisie onvanpas vir 'n Christen?

### 1. Kommer oor lewensorge pas nie in by die Christelike geloof nie.

Jesus noem mense wat obsessief bekommerd is oor hul liggame en hul lewens kleingelowiges. Dit is mense wat God nie vertrou nie omdat Hy in hulle oë te swak is om hulle te versorg.

Dit is tog God wat die lewe en jou liggaam geskep het. Dit is ook Hy wat elke dag die lewe en die liggaam in stand hou. Ons het onself nie geskep nie en ons kan onself nie aan die lewe hou nie. As God jou lewe beëindig, is daar niks in die wêreld wat Hom kan keer nie. Jou lewe is baie meer werd as kos en drank. Net so is jou liggaam baie meer werd as klere. As God dan klaar sorg dra vir die groot dinge – die lewe en die liggaam – hoekom sal Hy nie ook sorg vir die klein dingetjies nie?

### 2. Kommer oor lewensorge pas nie by 'n gesonde verstand nie.

Om vandag oor môre se dinge bekommerd te wees, is dom. Elke dag het genoeg van sy eie moeilikheid. Is dit nie so dat bykans al die kommer wat jy al oor die toekoms gehad het, die meeste van die tyd nooit eers waar geword het nie? Daarom is kommer eintlik net 'n mors van tyd en energie. Gebruik eerder vandag se tyd en energie om vandag se moeilikhede te hanteer. Indien 'n mens ook nog bekommerd raak oor môre se moeilikhede verswaar jy dit net vir jouself. Dit is wys om vir die dag van môre te beplan, maar nadat 'n mens in die geloof beplan het, moet 'n mens nie verder oor môre bekommerd wees nie.

### Kommer oor lewensorge spot met God se sorg en liefde vir jou

Die wêreldse ambisie draai net om kos, klere, huise, karre en watter besittings ook al. Dit is 'n ambisie wat net in hierdie lewe en net hier op aarde bereik kan word. Maar dit is ook 'n ambisie wat al 'n mens se tyd en energie opslurp, want dit is diens aan mammon, die koue, hartelose god van welvaart en rykdom. Hy werk nie vreugde nie, maar kommer in die mens se hart. By die Christen is kommer oor hierdie dinge nie gepas nie, want dit spot met die sorg en liefde van God ons hemelse Vader. Jesus hef sy dissipels op tot 'n hoër ambisie wat nie behep is met die kleiner dingetjies van die lewe soos kos en klere nie. Gelowiges se tyd en energie moet opgaan in die koninkryk van God en in sy geregtigheid.

*Ons vra al ons lidmate se ondersteuning vir die*

**HAMBURGERBRAAI**



**VRYDAGAAND 25 Januarie 2019**

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal. Vir 'n bestelling bel **Johan du Plessis** by die kerkkantoor ☎ **018 294 4600** of **Pieter** by ☎ **082 923 1384 R 25** per hamburger. Dit bly 'n “winkoop”